Deel God se liefde en sy Goeie Nuus by Café Mercy

Om die "geringste van die geringes" te red

Die Siriese oorlog is al die afgelope vier jaar aan die gang. Die impak van die oorlog het Europa egter eers gedurende 2015 ten volle getref. Duisende vlugtelinge wat in groot nood verkeer en versorging en hulp nodig het, stroom oor grense. Soos die dodetal styg, word dit duidelik dat die Europese Unie se pogings om om te sien na die ongeveer 6.5 miljoen vlugtelinge, en al die probleme wat daarmee gepaard gaan, toenemend oneffektief is. Die probleme op grondvlak hoop op ondanks maandelange leierskonferensies en aksieplanne. Vlugtelinge waag steeds hul eie en hul kinders se lewens om vanaf die gevaar van die terreurbewegings te vlug deur in oorlaaide wrakke die see te trotseer en daarvoor groot bedrae geld aan smokkelaars te betaal. Daarna volg weke en maande se honger, dors, koue en lyding.

Ons, Danie en Esther van Niekerk, woon en werk in Skopje, Masedonië waar ons graag `n verskil in ons plaaslike gemeenskap wil maak. Ons is verbonde aan *World Outreach International* (*WOI*), `n welbekende organisasie binne Suid Afrika, Afrika en Asië. *WOI* is in 1932 in Oos-Europa gestig om die vlugtelinge vanuit Oos Europa gedurende die Groot Depressie te bedien. Na 83 jaar van wêreldwye bediening, het *WOI* (deur ons bediening) teruggekeer na hul wortels hier in Masedonië.

Gedurende die afgelope maande het die internasionale en plaaslike geloofsorganisasies in Masedonië besef dat `n gesamentlike poging nodig is om meer effektief aan die behoeftes van die duisende vlugtelinge wat hier by ons voordeur verbystroom, aandag te gee en daarom het die *Macedonian Volunteer Network (MVN)* tot stand gekom. Ons fokus is die Tabanovce treinstasie wat teen die noordelike Masedoniese grens met Serbië geleë is, ongeveer 45km noord van Skopje. Ons doel is om om te sien na die emosionele, liggaamlike en geestelike behoeftes van die ongeveer 5 000 vlugtelinge wat daagliks arriveer deur hulle met liefde en deernis in die krisis by te staan.

Ons het *Café Mercy* op die treinstasie opgerig en dit bied `n plek aan vlugtelinge om te kan stop en rus. In samewerking met die Rooikruis word onder meer tee en koffie vir die volwassenes, vrugtesap vir kinders en melk vir babas gegee.
Ons poog om voedsel- en nie-voedselbystand te verleen aan families op reis. `n Groot uitdaging is om te poog om hulle warm en droog te hou in die gure Europese winter wat om die draai is.

Die werklikheid is dat die oues, siekes en kinders kan omkom as gevolg van blootstelling aan toestande waarop hulle nie voorbereid is nie. Ons het die geleentheid om persoonlik met mense wat vantevore vir honderde jare onbereikbaar en afgesny van die evangelie was, te kommunikeer. Hulle kom desperaat na ons toe en ons is bevoorreg om in hul behoeftes te probeer voorsien, na hul verhale te luister en op `n praktiese wyse die liefde van God deur ons woorde en dade te toon.

Die evangeliese gemeenskap in Skopje is baie klein en ons vind dit toenemend moeilik om te voldoen aan die ontsaglike eise van die taak wat ons opgelê is. **Hierdie is `n noodroep aan die Kerk om aan die roepstem gehoor te gee om na Masedonië te kom en te help deur langs ons te kom staan deur middel van finansiële bystand en korttermyn vrywilligers te stuur.** Die hulpbronne wat ons tot dusver vir die werk aangewend het, het hoofsaaklik uit ons eie fondse gekom. Met die yskoue winter wat al hoe meer toeslaan, besef ons dat die nood al hoe groter word. Help ons om Christus se hande en voete te wees!

'Kom oor na Masedonië en help ons' *Hand 16:9*

Om ons taak effektief te doen, versoek ons die volgende:

- Arabies, Urdu en Farsi-sprekende personeel (vrywilligers of betaalde plaaslike inwoners)
- 40 Vrywilligers: **geen mense = geen betrokkenheid = geen suksesvolle projek nie**
- Voertuig: om bestaande en nuwe vrywilligers of inwoners te vervoer na/van Skopje – €10 500
- Fondse: om *Café Mercy* vir vier maande aan te vul en te bedryf – €17 500
- Ander fondse: vervoer, toerusting, nie-voedsel items – €7 000
- Evangelisasiewerk - – SD kaarte met die Jesus film op, Bybels in Arabies, serpe met bybeltekse aan vasgewerk, pamflette - €5 000

Vrywilligers moet hul eie vervoer-, visum- en verblyfkoste betaal. Skenkings word gerig aan World Outreach Donation met `n nota (*order note)* dat die fondse vir *Macedonia Volunteer Network (MVN)* bedoel is. Vir donasies deur bank deposito's, kliek hier: WOI deposito's. Alle donasies sal direk aan die versorging van vlugtelinge gaan. Die fondse word nie aangewend vir administrasiekostes, oorhoofse kostes, of ons eie persoonlike uitgawes nie.

Ons as kinders van die Koning word geroep om mekaar lief te hê soos Hy ons liefhet. *Mat 25: 40 – "En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen'."*

Ons wil graag hê dat julle saam met ons die geringste van die geringes (*the least of the least*) sal dien deur gebed, finansiële ondersteuning of/en `n vrywilliger te wees. Ons kan dit nie alleen doen nie!

Danie en Esther van Niekerk

info@ourcalling.co.za
+27 (012) 743 6943 (S.A.-nommer in Masedonië)
www.ourcalling.co.za

'Kom oor na Masedonië en help ons' *Hand 16:9*